# Ekonomie

## KLASTEKS & STUDIEGIDS

Nazlie Mohamed

GRAAD

# 12

KABV

3-in-1




THE ANSWER SERIES
Your Key to Exam Success

# Graad 12 Ekonomie 3-in-1 KABV

## KLASTEKS & STUDIEGIDS

Hierdie Graad 12 Ekonomie 3-in-1 studiegids is in lyn met die KABV-kurrikulum en -eksamenriglyne geskryf. Dit maak van gedetalieerde verduidelikings gebruik om die begrip van kernkonsepte te bevorder. Die onderwerpgebaseerde vrae en konsolideringstoetse is opgestel om dié vaardighede wat nodig is om eksamensukses te behaal, te ontwikkel en verfyn.

**Sleutelkenmerke:**

- Omvattende notas per onderwerp
- Oorspronklike bronmateriaal wat met sorg gekies is
- 'n Stap-vir-stap-gids oor die teken en verduideliking van grafieke
- Bondige, visuele opsommings aan die einde van elke onderwerp
- Vrae per onderwerp en per module
- Gedetalieerde antwoorde op vrae

THE ANSWER SERIES
Your Key to Exam Success

GRAAD

# 12

KABV

3-in-1

# Ekonomie

Nazlie Mohamed

**HIERDIE KLASTEKS & STUDIEGIDS SLUIT IN**

1. Omvattende Notas
2. Onderwerpgebaseerde Vrae en Vasleggingstoetse
3. Volledige Antwoorde met Verduidelikings

Aparte ANTWOORDBOEK

Printed by novus print
A division of Novus Holdings

eBoek beskikbaar

THE ANSWER SERIES *Your Key to Exam Success*

2021 publikasie | 2023 uitgawe | ISBN: 978-1-920568-83-2

231023 | NOVUS

# INHOUD


*Aangaande hierdie boek* ..... *i*

*Eksamenriglyne* ..... *i*

*Algemene wenke vir die eksamen* ..... *iii*

*Wenke om die inhoud te bemeester* ..... *iii*

## MODULE 1: MAKRO-EKONOMIE 1

Onderwerp 1: Ekonomiese kringloopmodel ..... 2

Onderwerp 2: Sakesiklusse ..... 19

Onderwerp 3: Openbare sektor ..... 37

Onderwerp 4: Buitelandse valutamarkte ..... 57

**MODULE 1: VASLEGGINGSTOETS** ..... 78

## MODULE 2: MIKRO-EKONOMIE 81

Onderwerp 5: Volmaakte markte ..... 82

Onderwerp 6: Onvolmaakte markte ..... 102

Onderwerp 7: Markmislukking ..... 127

**MODULE 2: VASLEGGINGSTOETS** ..... 145

## MODULE 3: EKONOMIESE STREWES 148

Onderwerp 8: Beskerming en vryhandel ..... 149

Onderwerp 9: Ekonomiese groei en ontwikkeling ..... 163

Onderwerp 10: Streeksontwikkeling ..... 176

Onderwerp 11: Ekonomiese en sosiale aanwysers ..... 190

**MODULE 3: VASLEGGINGSTOETS** ..... 204

## MODULE 4: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 207

Onderwerp 12: Inflasie ..... 208

Onderwerp 13: Toerisme ..... 226

Onderwerp 14: Omgewingsvolhoubaarheid ..... 240

**MODULE 4: VASLEGGINGSTOETS** ..... 255




# 1 EKONOMIESE KRINGLOOPMODEL

## DIE OOP EKONOMIESE KRINGLOOPMODEL



**Makro-ekonomie** is die studie van die ekonomie in geheel, waar ekonome totale bestudeer.

### KONSEPTE VERWANT AAN DIE EKONOMIESE KRINGLOOP




Die ekonomiese **kringloopmodel** is 'n vereenvoudigde ekonomiese model wat die interafhanklikheid tussen die deelnemers in 'n ekonomie beskryf. Dit illustreer die verwantskap tussen produksie, besteding en inkome in die ekonomie.

'n Geslote ekonomie sal 'n eenvoudiger ekonomiese kringloopmodel as 'n oop ekonomie hê.

'n **Geslote ekonomie** is een waar daar geen internasionale handelsbetrekkinge met ander lande is nie. 'n Geslote ekonomie sluit dus die buitelandse sektor as 'n ekonomiese deelnemer uit.



'n **Oop ekonomie** is een waar daar internasionale handelsbetrekkinge met ander lande is. 'n Oop ekonomie sluit dus die buitelandse sektor as 'n ekonomiese deelnemer in.





Die ekonomiese kringloopmodel kan visueel deur ekonomiese kringloopdiagramme voorgestel word.

Die volgende ekonomiese kringloopmodel verteenwoordig 'n **oop ekonomie** en illustreer die verwantskap tussen huishoudings, besighede, die owerheid (openbare sektor) en die buitelandse sektor as ekonomiese deelnemers. Die finansiële sektor, hoewel nie 'n ekonomiese deelnemer nie, speel 'n beduidende rol binne die ekonomiese kringloop omdat dit in verwantskap staan met al die bogenoemde ekonomiese deelnemers.

### EKONOMIESE KRINGLOOPMODEL VIR 'N VIERSEKTOR-EKONOMIE (OOP EKONOMIE)

In die diagram wat volg:

- Verteenwoordig die soliede lyne ——— **reële vloeie,** in die vorm van die produksiefaktore en die produkte en dienste wat gekoop en verkoop word.
- Verteenwoordig die stippellyne – – – – – **monetêre vloeie** (soms ook geldvloeie genoem), in die vorm van betalings, salarisse, lone, lenings, beleggings en belastings.

Vir elke reële vloei is daar 'n monetêre vloei wat in die teenoorgestelde rigting beweeg.


**Reële vloeie met hulle ooreenstemmende monetêre vloeie**

Die nommers in die onderstaande tabel stem ooreen met die nommers in die ekonomiese kringloopmodel op bl. 3.

| | REËLE VLOEIE | | MONETÊRE VLOEIE |
|---|---|---|---|
| ❶ | die regering verskaf openbare goedere en dienste aan huishoudings | ❷ | huishoudings betaal belasting aan die regering |
| ❸ | huishoudings verkoop hul produksiefaktore aan besighede | ❹ | huishoudings verdien inkomste in ruil vir hul produksiefaktore |
| ❺ | die regering koop produksiefaktore | ❻ | die regering betaal vir produksiefaktore |

TAS

### Ekonomiese kringloopmodel vir ’n viersektor-ekonomie (oop ekonomie)






*Reële en monetêre vloeie word meer breedvoerig op bl. 4 bespreek.*



*Lekkasies en inspuitings word meer breedvoerig op bl. 5 bespreek.*

# DIE VIER EKONOMIESE DEELNEMERS

## Huishoudings

**Huishoudings** is die primêre ekonomiese deelnemers wat die eienaars van die produksiefaktore is.





- Huishoudings besit die produksiefaktore, naamlik kapitaal, entrepreneurskap, grond en arbeid.
- Hulle verkoop hul produksiefaktore in die faktormark en verdien in ruil daarvoor rente, wins, huur en salarisse/lone.
- Hulle gebruik dan hierdie inkomste (vergoeding) om goedere en dienste by besighede te koop om hul behoeftes en begeertes te bevredig.
- Huishoudings besluit watter goedere en dienste om te koop, waar en hoe om dit te koop.

## Besighede

**Besighede** koop die produksiefaktore en gebruik dit om goedere en dienste te produseer.



- Besighede koop die produksiefaktore by huishoudings in die faktormark.
- Hulle gebruik hierdie produksiefaktore om goedere en dienste te produseer wat in die produkmark verkoop word.
- Besighede besluit watter goedere en dienste om te produseer asook waar en hoe om dit te verkoop.
- In ruil daarvoor, verdien besighede inkome uit die ekonomiese deelnemers.





Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig

# ONDERWERPGEBASEERDE VRAE

## AFDELING A

**Vraag 1**

**1.1** Dui die mees gepaste antwoord aan deur slegs die toepaslike letter langs die ooreenstemmende vraagnommer te skryf, bv. 1.1.6 D.

1.1.1 ’n Amerikaanse korrespondent wat vir sy CNN-kantoor in Johannesburg werk, sal deel vorm van...

A Suid-Afrika se BNP en die VSA se BBP
B die VSA se BNP en Suid-Afrika se BBP
C slegs Suid-Afrika se nasionale inkomesyfers
D slegs die VSA se nasionale inkomesyfers aangesien hy ’n Amerikaanse burger is (2)

1.1.2 Indien die msg 0,6 is, sal die vermenigvuldiger vir die ekonomie ... wees:

A 2,5  B 1,67  C 1,6  D 2 (2)

1.1.3 ’n Houtboer verkoop hout aan ’n skrynwerker ter waarde van R100 000. Die skrynwerker verwerk dit tot meubels ter waarde van R400 000. Die meubels word dan aan Mr Price Home verkoop vir R700 000. Mr Price Home verkoop dit aan die publiek vir R1 300 000. Die bydrae tot Suid-Afrika se BBP sal ... wees:

A R2 500 000  B R600 000
C R1 300 000  D R1 200 000 (2)

1.1.4 Weens die toename in vetsug in die land, besluit die regering om die prys van gaskoeldrank aan te pas deur ’n ekstra 20% op die produk te hef en dan ’n addisionele 15% vir BTW. Indien die basiese prys van ’n blikkie gaskoeldrank R9,00 is, is die markprys:

A R10,80  B R7,20
C R12,15  D R12,42 (2)

1.1.5 Watter sektor dra die meeste by tot Suid-Afrika se BBP?

A Primêre sektor  B Sekondêre sektor
C Tersiêre sektor  D Informele sektor (2)

5 × 2 (10)

**1.2** Kies ’n beskrywing uit Kolom B wat by die item in Kolom A pas. Skryf slegs die letter langs die vraagnommer neer, bv. 1.2.7 J.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Vermenigvuldiger | A maak voorsiening vir alle foute en weglatings in BBP-berekeninge |
| 1.2.2 Bruto Nasionale Produk (BNP) | B buitelandse handel is afwesig in hierdie ekonomie |
| 1.2.3 Buitelandse valutamark | C 'n klein verandering in besteding veroorsaak 'n proporsioneel groter verandering in inkome |
| 1.2.4 Markpryse | D geldeenhede word op hierdie mark verhandel |
| 1.2.5 Residuele item | E 'n vereenvoudiging van die interaksie tussen die verskillende ekonomiese deelnemers |
| 1.2.6 Geslote ekonomie | F goedere en dienste wat deur die burgers van die land vervaardig is |
| | G finale pryse wat verbruikers betaal |
| | H die finale waarde van alle goedere en dienste wat binne die grense van die land geproduseer word. |

6 × 1 (6)

**1.3** Verskaf die korrekte ekonomiese term vir elk van die volgende beskrywings. Afkortings, akronieme en voorbeelde word nie aanvaar nie.

1.3.1 Finansiële aansporings wat die regering aan produsente bied om te verseker dat goedere en dienste meer bekostigbaar is.

1.3.2 Uitvloeie van geld uit die ekonomie.

1.3.3 Die proporsie addisionele inkome wat huishoudings kies om aan verbruikersgoedere en dienste te bestee.

1.3.4 Nasionale inkomesyfers wat inflasie in ag geneem het. 4 × 1 (4)

**TOTAAL VIR AFDELING A: 20**







Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig

## ❷ Kontantreserwevereistes



**Kontantreserwes** word by die SARB gehou om die likiditeit, solvensie en veiligheid van banke sowel as die ekonomiese deelnemers wat hul geld daarin belê het, te beskerm.



**Likiditeit** verwys na hoe vinnig toegang tot kontant gekry kan word wanneer ekonomiese deelnemers dit nodig het.
**Solvensie** verwys na die vermoë van 'n ekonomiese deelnemer om skuld te vereffen.

- Die Bankwet (Nr. 94 van 1990) bepaal dat banke wetlik verplig word om 3,5% van hul deposito's as kontantreserwes by die SARB te hou.
- Die SARB word deur die Bankwet toegelaat om af en toe die kontantreserwevereiste te verander soos deur die ekonomie vereis.
- Wanneer die ekonomie in 'n afswaai is en stimulasie nodig het, kan die SARB die kontantreserwevereiste verlaag sodat banke meer geld beskikbaar het om uit te leen. Dit sal effektief die geldvoorraad en dus besteding binne die ekonomie verhoog.
- Indien die ekonomie aan die ander kant vertraag (gekrimp) moet word en besteding aan bande gelê moet word, kan die kontantreserwevereiste verhoog word sodat banke minder geld beskikbaar het om uit te leen. Dit sal effektief die geldvoorraad en sodoende besteding binne die ekonomie verlaag.


## ❸ Opemarktransaksies



**Staatseffekte** staan ook bekend as staatsobligasies.
Staatsobligasies is 'n skuldgebaseerde belegging waardeur ekonomiese deelnemers geld aan die regering teen 'n ooreengekome rentekoers leen.

- Die SARB kan die geldvoorraad in die ekonomie verhoog of verlaag deur staatseffekte in die ope mark te koop en te verkoop.
- Indien die ekonomie in 'n afswaai is, kan die SARB staatseffekte in die ope mark koop en sodoende die geldvoorraad binne die ekonomie verhoog.
- Wanneer die ekonomie aan die ander kant in 'n opswaai is en vertraag moet word, kan die SARB staatseffekte in die ope mark verkoop en sodoende die geldvoorraad binne die ekonomie verminder.

## Opemarktransaksie-diagram






*Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig*

# MODULE 1: VASLEGGINGSTOETS



*Toets gerus jou kennis noudat jy Module 1 voltooi het en let op die uitleg van die toets. Sodra jy dit voltooi het en jou antwoorde met die voorgestelde antwoorde vergelyk het, let op die foute wat jy gemaak het en korrigeer dit voordat jy aangaan met die volgende module.*

## AFDELING A

**Vraag 1**

**1.1** Dui die mees korrekte antwoord aan deur slegs die toepaslike letter langs die ooreenstemmende vraagnommer te skryf, bv. 1.1.6 D.

1.1.1 Die geldmark en kapitaalmark is komponente van hierdie mark.

A goederemark B faktormark
C finansiële mark D buitelandse valutamark (2)

1.1.2 Indien die marginale verbruiksgeneigdheid (mvg) in 'n 2-sektor ekonomie 0,85 is, sal die waarde van die vermenigvuldiger ... wees.

A 1,2 B 1,7
C 6,7 D 6,5 (2)

1.1.3 Die Reserwebank gebruik die ... beleid om die totale geldvoorraad te beïnvloed.

A fiskale B monetêre
C aanbodkant- D begrotings- (2)

1.1.4 Die regering is verantwoordelik vir ... sektor voorsiening.

A privaat B finansiële
C buitelandse D openbare (2)

1.1.5 Die wisselkoersstelsel wat Suid-Afrika gebruik, word 'n ... wisselkoersstelsel genoem.

A vryswewende B beheerde swewende
C vaste D vasgepende (2)

5 × 2 (10)

**1.2** Kies 'n beskrywing uit Kolom B wat by die item in Kolom A pas. Skryf slegs die letter langs die vraagnommer neer, bv. 1.2.7 J.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Markpryse | A goedere en dienste wat die welsyn van die samelewing verbeter, maar wat ondervoorsien word in die mark |
| 1.2.2 Repokoers | B koste wat die produsent betaal om goedere en dienste te produseer |
| 1.2.3 Lafferkurwe | C amptelike reëls en regulasies wat dienslewering in die gedrang bring |
| 1.2.4 Ekstrapolasie | D 'n diagrammatiese voorstelling van die verband tussen inflasie en werkloosheid |
| 1.2.5 Meriete goedere | E finale pryse wat verbruikers vir goedere en dienste betaal |
| 1.2.6 Burokrasie | F illustreer die demotivering om te werk namate die belastingkoers styg |
| | G die rentekoers waarteen die Reserwebank geld aan handelsbanke leen |
| | H voorspel toekomstige ekonomiese tendense gebaseer op vorige data |

6 × 1 (6)

**1.3** Verskaf die korrekte ekonomiese term vir elk van die volgende beskrywings. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal nie aanvaar word nie.

1.3.1 Invloei van geld in die ekonomie.

1.3.2 Sakesiklusse wat 40 – 60 jaar duur.

1.3.3 Beleggings in spesifieke bates met 'n vaste toekomstige waarde wat op 'n spesifieke datum betaal word.

1.3.4 'n Plan van geraamde inkomstes en uitgawes wat oor drie jaar strek. 4 × 1 (4)

**TOTAAL VIR AFDELING A: 20**






Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig


# OPSOMMING VAN GRAFIEKE – VOLMAAKTE MARKTE

## WINSMAKSIMERINGS-GRAFIEKE


### GEBRUIK MARGINALE INKOMSTE EN MARGINALE KOSTE




### GEBRUIK TOTALE INKOMSTE EN TOTALE KOSTE





## SLUITINGSPUNT-GRAFIEK





## KORTTERMYN-EWEWIGSPOSISIES


### EKONOMIESE WINS




### NORMALE WINS





### EKONOMIESE VERLIES





## LANGTERMYN-EWEWIGSPOSISIE

### NORMALE WINS





## TOETREDE VAN NUWE ONDERNEMINGS

### DIE INDUSTRIE





### DIE INDIVIDUELE BESIGHEID





## UITTREDE VAN ONDERNEMINGS

### DIE INDUSTRIE




### DIE INDIVIDUELE BESIGHEID









Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig

# OPSOMMING VAN GRAFIEKE – ONVOLMAAKTE MARKTE


## MONOPOLIE

**DIE VERWANTSKAP TUSSEN DIE VRAAGKURWE (GI) & MARGINALE INKOMSTE-KURWE (MI)**





**KORTTERMYN-EWEWIGSPOSISIES:**

**EKONOMIESE WINS**





**EKONOMIESE VERLIES**





**LANGTERMYN-EWEWIGSPOSISIE:**

**EKONOMIESE WINS**





## OLIGOPOLIE

**GEKNAKTE VRAAGKURWE**





**GEKNAKTE VRAAGKURWE INSLUITEND DIE MARGINALE INKOMSTE- (MI) EN MARGINALE KOSTE-KURWE (MK)**





## MONOPOLISTIESE MEDEDINGING

**KORTTERMYN-EWEWIGSPOSISIES**

**EKONOMIESE WINS**





**EKONOMIESE VERLIES**




**LANGTERMYN-EWEWIGSPOSISIE**

**NORMALE WINS**







Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig

# DIE NOORD-SUID-VERDELING




Die **Noord-Suid-verdeling** verwys na die wêreld se ontwikkelde lande wat in die **Noorde** geleë is, bv. Duitsland en Japan, terwyl die ontwikkelende lande, bv. Suid-Afrika en Brasilië in die **Suide** geleë is.

Die Noord-Suid-verdeling is deur die Duitse Kanselier, Willy Brandt, ontwikkel wat in die 1980's die voorsitter van die VN-kommissie was. Brandt het die verskille in globale ekonomiese ontwikkeling ondersoek en ontdek dat die meeste van die wêreld se geïndustrialiseerde lande in die Noorde geleë is terwyl minder geïndustrialiseerde lande in die Suide geleë is, behalwe vir Australië en Nieu-Seeland. Dit het gelei tot die ontwikkeling van die Brandt-lyn wat 'n denkbeeldige lyn is wat lande in die ontwikkelde Noorde en ontwikkelende Suide verdeel.




Die Brandt-lyn is in die 1980's ontwikkel; sedertdien het baie verander. Baie lande wat as ontwikkelend beskou is en dus deel van die Suide is, het daarna vinnige ekonomiese groei beleef en is nou hoogs geïndustrialiseerd, bv. China, Indië en Mexiko. Hierdie ekonomieë word nou **nuwe geïndustrialiseerde lande / ontluikende markekonomieë** genoem wat vinnig besig is om sterk ekonomieë met hoë ekonomiese groeikoerse te word.




### Die Asiatiese tiere

Die Asiatiese Tiere is vier Asiatiese ekonomieë wat sedert die vroeë 1960's hoë vlakke van ekonomiese groei gehandhaaf het. Hulle is Singapoer, Suid-Korea, Taiwan en Hong Kong.

Die Asiatiese Tiere was die eerste nuwe geïndustrialiseerde lande wat volgehoue hoë vlakke van industrialisasie en ekonomiese groei geniet.




## Ons sal die volgende kriteria vir die Noorde en Suide vergelyk:

- Ongelyke lewenstandaarde
- Globalisering
- Omgewing

THE ANSWER SERIES *Your Key to Exam Success*

3-in-1

# Ekonomie

## ANTWOORDBOEK

Nazlie Mohamed

GRAAD
**12**
KABV



9 781920 568832

# 1 EKONOMIESE KRINGLOOPMODEL

## AFDELING A

**1.1**

1.1.1 B

1.1.2 B

1.1.3 C

> *Slegs die waarde van **finale** goedere word by die BBP ingesluit, dus is slegs die waarde van goedere wat by Mr Price Home verkoop word ingesluit.*



1.1.4 D

1.1.5 C

> *R9,00 × 20% = R1,80*
> *R9,00 + R1,80 = R10,80*
> *R10,80 × 15% = R1,62*
> *R10,80 + R1,62 = R12,42*



**1.2**

1.2.1 C

1.2.2 F

1.2.3 D

1.2.4 G

1.2.5 A

1.2.6 B

**1.3**

1.3.1 Subsidies

1.3.2 Lekkasies

1.3.3 Marginale verbruiksgeneigdheid

1.3.4 Reële nasionale inkomste

> ***ONTHOU***
> *Afkortings, akronieme en voorbeelde sal nie aanvaar word nie.*





## AFDELING B

**2.1**

2.1.1 Belegging, Uitvoere, Staatsbesteding *(enige twee)*

2.1.2 Vir elke reële vloei is daar 'n geldvloei in die teenoorgestelde rigting.

**2.2**

2.2.1 Inkomemetode

2.2.2 Depresiasie

2.2.3 Faktorkoste verwys na die koste van die produksiefaktore wanneer goedere en dienste geproduseer word.

2.2.4 Suid-Afrika gebruik die Nasionale Rekeningstelsel omdat dit die universele metode is wat deur die Verenigde Nasies voorgeskryf word om die nasionale rekeningtotale te bereken. Dit word ook gebruik om 'n land se nasionale rekeningtotale van jaar tot jaar te vergelyk en om nasionale rekeningtotale tussen lande te vergelyk.

2.2.5 C = R9 207 – R963 – R1 458
= R6 786mjd

**2.3**

2.3.1 Ekwilibriumlyn / ewewigslyn / 'n ekonomie wat in ewewig is.

2.3.2 Huishoudings of Besighede

2.3.3 Outonome verbruik verwys na daardie gedeelte van inkomste wat die verbruiker beskikbaar het om aan basiese behoeftes en begeertes te bestee.

2.3.4 Hoe kleiner die msg, hoe groter is die waarde van die vermenigvuldiger en hoe groter die msg, hoe kleiner is die waarde van die vermenigvuldiger.

2.3.5 $K = \frac{1}{1 - \text{msg}}$

$= \frac{1}{1 - 0{,}63}$

$= \frac{1}{0{,}37}$


$= 2{,}7$

➡ R30mjd × 2,7 = R81mjd



Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig

**2.4**




| | | |
|---|---|---|
| 1. | Benoeming van die asse | = 1 punt |
| 2. | Oorspronklike ewewigspunt | = 1 punt |
| 3. | Nuwe vraagkurwe | = 1 punt |
| 4. | Nuwe ewewig | = 1 punt |
| | | **Maks. = 4 Punte** |

- Waar VV en AA mekaar sny, word die oorspronklike ewewigspunt (e), ewewigsprys £1 = R17 en ewewigshoeveelheid (95m) geformuleer.
- Die vraag na ponde neem toe, wat veroorsaak dat die vraagkurwe na regs skuif om $V_1V_1$ te vorm.
- Waar $V_1V_1$ met AA sny, word 'n nuwe ewewig geformuleer.
- Die nuwe ewewig skuif van e na $e_1$ terwyl die prys van die Britse pond van £1 = R17,00 tot £1 = R19 styg en die ewewigshoeveelheid van 95 miljoen tot 120 miljoen styg.

**2.5**
- Die Finansiële Rekening teken alle inkomende en uitgaande beleggings aan.
- Suid-Afrika is 'n ontwikkelende land en vir volgehoue en betekenisvolle ekonomiese groei moet dit die sekondêre sektor uitbrei.
- Tans word natuurlike hulpbronne onttrek, uitgevoer om verwerk te word en dan weer teen 'n baie hoër waarde ingevoer.
- Indien SA sy eie natuurlike hulpbronne kon verwerk, sou dit baie meer inkomste genereer.
- In dié verband moet ons finansiële belegging verseker wat meer inkomend- as uitgaande-georiënteerd is.
- Die SARB moet dus potensiële beleggers verseker en aanmoedig om in Suid-Afrika te belê.
- Dit sal die uitbreiding van die produktiewe kapasiteit in Suid-Afrika inisieer en die groot uitdaging van werkloosheid oplos.
- Suid-Afrika sal dan baie meer kan uitvoer, wat die nodige invoere beter sal kan subsidieer. *(enige vier relevante feite word aanvaar)*

**ONTHOU**

*Vraag 2.5 is 'n 'buite-die-boks'-vraag – jou antwoord mag dalk nie identies wees aan die antwoord wat verskaf is nie. Solank jou antwoord logies met geskikte feite verduidelik word, sal jy steeds die punte verdien.*





*Kopiereg © The Answer Series: Fotokopiëring van hierdie materiaal is onwettig*



# MODULE 1: VASLEGGINGSTOETS

## AFDELING A

**1.1**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.1.1 C | 1.1.2 C | 1.1.3 B | 1.1.4 D | 1.1.5 A |

**1.2**

| | | |
|---|---|---|
| 1.2.1 E | 1.2.2 G | 1.2.3 F |
| 1.2.4 H | 1.2.5 A | 1.2.6 C |

**1.3**

| | |
|---|---|
| 1.3.1 Inspuitings | 1.3.2 Kondratieff-siklus |
| 1.3.3 Finansiële afgeleides | 1.3.4 Mediumtermyn Bestedingsraamwerk |

## AFDELING B

**2.1**

2.1.1 Belastings, huurinkomste, inkomste uit privatisering van bates, skenkings, lenings, winste van Staatsbeheerde Ondernemings *(enige twee geskikte antwoorde word aanvaar)*

2.1.2 Ontwikkelde lande is gevestigde lande wat sterk ekonomieë het waar werkloosheid laag is en vaardigheid hoog is. Dit verseker dat die belastingbasis waartoe die staat toegang het hoog is, wat hulle in staat stel om meer openbare goedere en dienste in die regte toegewysde hoeveelhede te lewer.



**2.2**

2.2.1 Gauteng, KwaZulu-Natal *(enige een)*

2.2.2 Covid-19

2.2.3 Ekonomiese groei verwys na 'n toename in die produktiewe aktiwiteite in 'n land. *(enige geskikte antwoord word aanvaar)*

2.2.4 Dit sal 'n negatiewe impak op die waarde van die rand hê aangesien die vraag daarna laer sal wees.

2.2.5 Die spotprent beeld die plundering uit wat in Gauteng en KwaZulu-Natal plaasgevind het. Die plundering het die Suid-Afrikaanse ekonomie miljarde rande gekos en tot 300 sterftes gelei. In die proses van plundering het Suid-Afrikaanse burgers ook die koronavirus versprei. *(enige geskikte antwoord word aanvaar)*